



VOM

THE VOICE OF THE MARTYRS
DIE STEM VAN DIE MARTELARE

“REJOICE WITH ME,” HE SAID, “BE
COUNT THIS AS A KIND OF PRIVILEGE
SUFFER WITH MY LORD.”

殉道者之声

Oktober 2022



China

DIE VOORREG VAN VERVOLGING

‘N FAMILIE IN
BALLINGSKAP

GEEN GELOOF
VIR KINDERS

KERKLEIERS IN
DIE TRONK



“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3



Die “Kom wat Wil” Ingesteldheid Gereed vir Vervolging

Ons Here het ons die eerste stap tot voorbereiding vir vervolging geleer en ons Chinese Christenfamilielede het dit vir meer as 70 jaar op 'n voorbeeldige wyse onder 'n brutale Kommunistiese regering, uitgeleef. Christus het ons opdrag gegee om die koste van dissipelskap te bereken en ons kruis daaglik op te neem. Om Hom te volg vereis 'n prys, maar aangesien Hy oneindig waardig is, moet ons, sonder om te skroom, aanhou betaal wanneer vervolgers die prys opstoot deur ons teë te staan.

SVM se stigter, Richard Wurmbbrand, het gesê: “Iemand se geloof is opreg, nie deur wat hy opsê in sy geloofsbelydenis nie, maar slegs deur die dinge waarvoor hy bereid is om sy lewe voor te gee.” Die eerste stap tot voorbereiding vir vervolging is die identifisering van die dinge wat ons sal doen, kom wat wil. Ons sal God se Woord lees, bid, aanbid, met ander Gelowiges byeenkom en vir Christus getuig, en niks sal ons daarvan weerhou om hierdie dinge met gewillige en blye harte te doen nie. Omdat ons hierdie dinge in gehoorsaamheid aan die bevele van ons Here doen, is die waarde daarvan,

onskatbaar. Die waarde van alle dinge in hierdie wêreld, insluitend ons lewens, verbleek in vergelyking daarmee.

Wanneer jy met Christene hier in Suid-Afrika en in ander vrye lande praat, kom die woord “onvoorbereid” gedurig voor. Vervolgde Christene in beperkte lande het die koste bereken en Christus waardig geag, daarom begin hulle elke dag met gebed in 'n gehoorsaam-kom-wat-wil ingesteldheid. Geanker deur 'n begrip van God se grootheid en met hul begeertes gevestig op Sy ewige koninkryk, benader hulle die lewe anders as meeste Christene in vrye lande. Te veel Christene in vrye lande leef in vrees vir diegene wat ons teëstaan terwyl hulle hul bekommer oor die verlies van die dinge van hierdie wêreld.

Vir dekades het ons Chinese Christenfamilielede Christus vrymoedig, liefdevol en nederig gehoorsaam, ongeag hoe hulle regering hulle teëgestaan het. Wanneer hulle byeenkomste onwettig gemaak is, het hulle enige moontlike plek kerkdienste gehou om die geheime polisie te vermy. Hulle het ook

voorberei vir die onvermydelike arrestasies, sodat wanneer pastors gevange geneem word, ander in die gemeente gereed was om hul plek in te neem. Intussen het die gevange pastors hul tyd in die tronk aangegryp as 'n nuwe bedieningsopdrag van die Here: Hulle het eenvoudig met hul werk voortgegaan.

Vandag het die *Chinese Communist Party* videokamera-tegnologie ingestel wat teen Christene gebruik word. Honderde miljoene gesigsherkenningkameras spoor Gelowiges se verblyfplekke op en skep 'n digitale rekord om hulle te straf vir hul sogenaamde dislojale en onwettige aktiwiteite. Hulle reaksie op hierdie toesighouding is dieselfde as hul reaksie op vorige dreigemente en aanvalle. Hulle gaan eenvoudig in gehoorsaamheid voort om met vrolike harte enige prys te betaal omdat hulle die koste bereken het en Christus waardig geag het.

Is ons, ons gesinne en ons kerke gereed om op dieselfde wyse teen opposisie te reageer? Indien nie, dan is ons nie voorbereid vir vervolging nie.

'n Familie IN Ballingskap



▲ Nadat hulle van lidmaatskap van 'n "godsdienstige kultus" beskuldig is, het Ran, Ruiting, Dejun en Qiang (van links na regs) China verlaat uit vrees dat die regering Ruiting se aangenome broer sou wegneem.

In die etlike jare wat haar familie by die *Early Rain Covenant Church* in Chengdu, China, aanbid, het Ruiting gewoon geraak daaraan om te sien hoe haar pastor deur regeringsowerhede gearresteer word. Een van haar vroegste herinneringe van Pastor Wang Yi is sy arrestasie op 3 Junie 2012. Daardie tyd het owerhede die invloedryke pastor vir twee dae aangehou om seker te maak dat hy stilbly op 4 Junie, die herdenking van die 1989 Tiananmen-plein-slagting.

"Ek het destyds net 'n bietjie bang gevoel omdat ek nog nooit gehoor het van pastors wat gearresteer word nie," het Ruiting gesê. "Na 'n paar jaar het ek bevind dat dit net 'n normale ding vir die kerk is."

Toe die polisie Pastor Wang Yi egter op 9 Desember, 2018, gearresteer het, was Ruiting en ander lidmate van die gemeente geskok. Hierdie keer was dit meer as net 'n poging van intimidasie of om die pastor tydelik stil te maak. Owerhede het ook sy vrou, Jiang Rong, verskeie kerkleiers en meer as 150 kerklidmate, gearresteer.

Onder Toesig

Ruiting se pa, Qiang, het tot geloof in Christus gekeer nadat hy verskeie artikels gelees het wat deur Pastor Wang Yi geskryf is. En na Ruiting

en die res van die familie tot geloof gekom het, het hulle besluit om na Chengdu te trek; Ruiting se ouers wou hul jong seuns, Jianen en Jiawen, as Bybelse dissipels binne die *Early Rain*-kerkfamilie, grootmaak.

In 2017 het Ruiting by *Early Rain* se kweekskool ingeskryf, waar haar studies ingesluit het om as Pastor Wang Yi se administratiewe assistent te werk. "Hy was ook my onderwyser by die kweekskool," het sy gesê. "Hy was 'n baie goeie onderwyser. Hy het 'n gave. Sy prediking het my regtig aangemoedig om 'n dienaar van God te wees."

Op 9 Desember 2018 het Ruiting, haar man, Ran, en andere van die kerk die middag vir hul opkomende Kersspel geoef en inkopies gedoen vir klere. "Dit was 'n normale dag tot ek terug was by die huis, miskien so 6nm. of 7nm.," onthou Ruiting. "Ons het gelees dat 'n broer gearresteer is."

Kerklidmate is deur 'n groepboodskap op *WeChat*, 'n gewilde Chinese boodskap-toepassing, meegedeel dat die kerksekretaris gearresteer is en dat owerhede beslag gelê het op sy skootrekenaar, wat lidmate se persoonlike inligting bevat het.

'n Rukkie later het hulle verneem dat Pastor Wang Yi en sy vrou ook aangehou was en nuus oor ander arrestasies het heelyd in hul boodskappe deurgekom. "Baie mense het in daardie tyd verdwyn," het Ruiting gesê. "Ons sou boodskappe

“Niemand het hul geloof versaak nie,” het Ruiting gesê. “Ek het kerklidmate gesien wat baie dapper was, wat voortdurend elke week aanbid het. Selfs sonder Pastor Wang Yi, aanbid ons altyd God.”

stuur aan iemand op ons fone en dan sou hulle net ophou reageer. Hulle het eenvoudig verdwyn.”

Ruiting het kort daarna uitgevind dat byna almal saam met wie sy by die kweekskool werk in hegtenis geneem is, en sy was bang dat sy volgende sou wees. Onder die besef dat sy nie kon terugkeer na haar ouerhuis, waar sy en Ran geleef het, het Ruiting besluit om daardie aand by 'n vriend te oornag. Vroeg die volgende oggend het ongeveer 20 polisiebeamptes en staatsamptenare haar ouerhuis besoek, op soek na haar.

Die beamptes het probeer om Qiang en Dejun, Ruiting se ma, te dwing om 'n dokument te teken waarin hulle verklaar dat hulle hul kerk sou verlaat. Toe die egpaar weier om te teken, het owerhede Qiang vir ondervraging ingeneem. Ruiting het later uitgevind dat die owerhede gedreig het om haar pa en 10-jarige broer, Jianen, leed aan te doen indien sy nie ingekom het vir ondervraging nie, toe besluit sy om haarself oor te gee nadat sy saam met 'n groep ander Gelowiges gebid het.

'n Week ná die klopjag het Ruiting met vyf polisiebeamptes in burgerlike drag by 'n plaaslike kafee, ontmoet. Nadat hulle haar vir twee ure lank bespot en ondervra het, het hulle Ruiting gevra om 'n dokument te teken wat verklaar dat sy alle bande met *Early Rain* sou verbreek. Soos haar ouers, het sy geweier om dit te teken.

Die polisie het Ruiting en haar gesin vir die volgende maand fyn dopgehou. Twee beamptes het elke familielid gevolg indien hulle die huis sou verlaat en hulle was nie toegelaat om besoekers van die kerk te ontvang nie. Een beampte het selfs vir Ruiting gedwing om hom by haar *WeChat*-kontakte by te voeg sodat hy haar bewegings kon dophou.

Begin Oor

Sommige lidmate het gevrees dat die kerk as gevolg van die klopjag sou sukkel, maar die kerk het egter sterker gegroei. “Niemand het hul geloof versaak nie,” het Ruiting gesê. “Ek het kerklidmate gesien wat baie dapper was, wat voortdurend elke week aanbid het. Selfs sonder Pastor Wang Yi, aanbid ons God steeds.”

Ruiting en haar gesin was vasbeslote om enige vervolging wat oor hulle pad sou kom, te trotseer, maar 'n nuwe taktiek deur die owerhede het hulle spoedig gedwing om 'n plan te maak om China te verlaat. Kommunistiese owerhede het 'n Christenepaar in 2019 in hegtenis geneem en toesig oor hul vier aangenome kinders geneem onder die voorwendsel om die kinders te red van 'n “godsdienstige kultus”.

'n Wyle later het Ruiting deur 'n buurman uitgevind dat 'n polisiebeampte ook na haar familie as lede van 'n godsdienstige kultus verwys het. Sy was bang dat owerhede

dieselfde taktiek kan gebruik om haar aangenome broer, Jiawen, van haar ouers af weg te neem. Ruiting het besef die gesin moes die land verlaat.

Ruiting en haar gesin was in staat om mediese visums na Taiwan te bekom weens Jiawen se geskiedenis van kanker; hy het as baba 'n gewas aan sy regterarm ontwikkel. Die gesin het in Julie 2019 na Taiwan gereis waar hulle vir twee jaar gebly het en op 29 Junie, 2021, het hulle na die Verenigde State verhuis.

Die Seën van Vervolging

As hulle oor hul lewens as Christene in China besin, het Ruiting en haar gesin gesê hulle is dankbaar vir die vervolging wat hulle verduur het. “Ek dink vervolging is juis 'n seën van God,” het Ran gesê. “Dit het ons lewe verander. God het ons hier gebruik om te deel wat in China gebeur het, om van die bose kant van president Xi Jinping te vertel. Ek dink dit is 'n seën vir die Chinese kerk. Ek dink die Evangelie in China sal verder floreer.”

Qiang het ook gesê dat vervolging gehelp het om hom te laat groei in sy geloof. “Voor vervolging het ek soms bietjie lui gevoel oor my geloof,” het hy gesê. “Die vervolging het my laat voel dat die toekomstige koninkryk sal kom. Vervolging het gemaak dat ek voel of ek in my geloof floreer.”

Ruiting het gebed versoek vir Pastor Wang Yi en sy gesin, vir haar eie gesin en vir lidmate van *Early Rain Church* wat voortgaan om Christus, onder die regering se wakende oog, te volg. “Ek dink God wil hê ek moet hier wees om my storie met jou te deel,” het sy gesê, “om my ervaring met die Engelssprekende wêreld te deel.” ●



▲ Jiawen floreer in sy nuwe skool.



Verdere Ingryping in Opvoeding van Kinders

Die onderrig van godsdiens aan kinders onder 18 jaar is onwettig sedert die aanvaarding van China se grondwet in 1982 en Kommunistiese amptenare het hierdie beperkings oor die afgelope paar jaar toenemend verskerp.

Chinese wetgewers het bykomende beleide bekragtig om regeringsbeheer oor tuisonderrig en privaatonderwys, te versterk. 'n Wet wat in Junie 2021 bekragtig is, bemagtig die regering om die ouerlike regte van diegene wat nie hul kinders na publieke skole stuur nie, te ontnem. Meer onlangs het China in Januarie 2022 'n gesinsonderwyswet ingestel wat die regering gesag gee oor wat binne die huis geleer mag word.

In sommige stede het skoolbeamptes kinders in 'n tou laat staan en hulle een vir een gevra of hulle kerk bywoon en of hulle ouers hulle godsdienstig opvoed. Amptenare het toe die ouers gekontak van kinders wat bevestigend geantwoord het en gedreig om hulle kinders uit die skool te skors. In baie gevalle het amptenare ook vereis dat ouers dokumente onderteken wat verklaar dat hulle nie hul kinders godsdienstige ideologie sal leer nie.

Tientalle kerkbeheerde skole regoor die land was oorval en gesluit. In 'n tipiese voorval het nasionale veiligheidsbeamptes in Maart 2021 op die *Jordan River Learning Centre*, 'n Christenskool wat met *Mount Carmel Church* in die Anhui-provinsie geaffilieer is, toegeslaan. Owerhede het 10 personeellede aangehou op aanklag van "onwettige sakebedrywighede," en het beslag gelê op skooltoerusting en onderwysers se selfone en rekenaars. Agt van die onderwysers was op borg vrygelaat, terwyl twee in die tronk moes bly. ●

'n Hindernis vir Aanlynkerk

Kommunistiese owerhede binne China se *State Administration of Religious Affairs (SARA)* het op 1 Maart nuwe maatreëls geïmplementeer wat godsdiensgroepe verbied om inligting aanlyn te plaas sonder die regering se goedkeuring. Onder die nuwe beperkings moet enigiemand wat inligting verskaf wat verband hou met "godsdienstige doktrine, godsdienstige kennis, godsdienstige kultuur of godsdienstige aktiwiteite, wat as teks, foto's, audio of video deur middel van internet webwerwe, toepassings, forums, blogs, mikroblogs, openbare rekeninge, kitsboodskappe of aanlyn lewendige uitsendings," 'n *Internet Religious Information Services Permit*, verkry.

Alhoewel die nuwe maatreëls streng is, pas hulle bloot die praktyke van die Kommunistiese regering toe wat al jare in plek is. Die wette lewer wel 'n nuwe uitdaging aan ongeregisteerde kerke wat hul dienste aanlyn geskuif het as gevolg van strenger beperkings op openbare aanbidding. Terwyl sommige groter kerke hul eie platforms gebou het wat hulle help om regeringsbeperkings te omseil, sal baie ander aanlynkerke waarskynlik gesluit word.

Sommige Chinese Christene wat nou buite die land woon, gaan voort om verskeie China-gebaseerde aanlynplatforms te gebruik en word nie gebind deur die Kommunistiese regering se beperkende wette nie. Dit laat hulle toe om voortaan Bybelgebaseerde boodskappe van buite die land, te deel. ●



CHINESE REGERING TEIKEN KERKLEIERS AANHOUDEND

DIE *CHINESE COMMUNIST PARTY (CCP)* IS AKTIEF BESIG OM PASTORS EN ANDER INVLOEDRYKE GELOWIGES STIL TE MAAK

deur valse beskuldigings, ongegronde aanklagtes en tronkstraf. Benewens Pastor Wang Yi, word talle ander Christenleiers in China in die tronk gesit of is onlangs uit die tronk vrygelaat. Hierdie drie gevalle is verteenwoordigend van die vervolging wat diegene wat die Evangelie van Jesus Christus in Kommunistiese China verkondig, trotseer het.

ZHAO HUAIGUO


Zhao Huaiguo, pastor van 'n ongeregisteerde kerk, genaamd *Bethel House* in Hunan-provinsie, is sedert 2020 in die tronk. Owerhede het hom in hegtenis geneem in April van daardie jaar en hom aangekla van "aanhitsing van ondermyning van staatsmag" weens onwettige prediking en verspreiding van Christelike pamflette.

Zhao se twee staatsaangestelde prokureurs was in staat om die aanklagtes te versag, maar het verkies om nie namens hom "onskuldig" te pleit nie. Die aanklaer het voorgestel dat die regter hom tot 18 maande tronkstraf vonnis.

Die pastor se klagstaat het beweer dat hy internetsensuur-ontduikingsagteware gebruik het om oorsese webwerwe te sien, die sagteware vir kerklidmate aanbeveel het, poësie gepubliseer het wat die regering kritiseer en sosiale mediaplasinge oor Wuhan-longontsteking gedeel het. Die CCP het hierdie optrede as 'n bedreiging vir China se nasionale veiligheid beskou.

Op 14 Maart 2021 het die *Zhangjiajie National Security Bureau* weer vir Zhao weens staatsondermyning aangehou. Ongeveer 'n maand later toe sekuriteitsburobeamptes op sy huis toegeslaan het, het hulle 500 geestelike boeke gekonfiskeer. Owerhede het herhaaldelik die prokureur wat Zhao se familie aangestel het, verwerp en die pastor bly in staatsaanhouding.

Die polisie het twee keer tevore op *Bethel House* toegeslaan om kerkeiendom te vernietig, kruise te verwyder en Bybels te konfiskeer.





FU XUANJUAN

Vier werknemers van 'n maatskappy wat digitale Bybelspelers vervaardig het, is gearresteer weens hul produksie- en verspreidingsrolle binne die maatskappy. Fu Xuanjuan, Deng Tianyong, Han Li en Feng Qunchao, werknemers van *Shenzhen Tree of Life Technology Development*, is op 2 Julie 2020 gearresteer en skuldig bevind aan "onwettige sakebedrywighede." In Januarie 2022 het 'n hof die Christene se appèlaansoek verwerp en die oorspronklike uitspraak behou.

Die maatskappy vervaardig draagbare digitale spelers wat 'n woord-opname van die Bybel, sowel as preke en gesange, bevat. Die spelers was veral nuttig vir bejaarde Christene, maar Chinese owerhede was agterdoctig oor die spelers.

Die maatskappy se eienaar, Fu Xuanjuan, is tot ses jaar tronkstraf gevonniss. Haar evangelisman, Deng Tianyong, wat die inhoud vir die digitale Bybelspelers bestuur het, het 'n vonnis van drie jaar gekry. Feng Qunchao, 'n tegnikus, is tot twee en 'n half jaar tronkstraf gevonniss. Die maatskappy se ontvangsdame en rekenmeester, Han Li, het 'n vonnis van 18 maande ontvang en is sedertdien vrygelaat. Deng Tianyong en Feng Qunchao nader die einde van hulle vonnisse.

Fu Xuanjuan en Deng Tianyong se aangenome 14-jarige dogter, sowel as Deng Tianyong se weduwee-ma word sedert die arrestasies deur gemeentelede versorg.



XU YONGHAI

Na sy 60ste verjaardag, in 2021, moes pastor Xu Yonghai in aanmerking kom vir 'n pensioen. Omdat hy egter in die tronk was, het Kommunistiese amptenare hom sy aftreevoorrede geweier en hy leef hoofsaaklik onder huisarres.

Xu Yonghai is in 2003 gearresteer omdat hy namens vervolgte Christene gepraat het. Hy het twee jaar tronkstraf uitgedien op valse aanklagte van spioenasie en onwettige verskaffing van nasionale intelligensie aan ander lande. Sedert sy vrylating in 2006, het hy 'n ongeregisteerde kerk in Beijing gelei wat gereeld deur Kommunistiese owerhede geteister word en hy bly werkloos, onder toesig en onder huisarres.

Die polisie het Xu Yonghai en lidmate van sy kerk gereeld geteister en geïntimideer. In Januarie 2014 het owerhede sy huis binnegegaan en meer as 10 Christene aangehou wat onwettig bymekaar gekom het. In Oktober 2016 het polisie weer na Xu Yonghai se huis gekom en die Christene wat daar byeen was van deelname aan onwettige godsdienstige aktiwiteite, beskuldig.

In Junie 2017 het die polisie 'n Bybelstudie by Xu Yonghai se huis onderbreek en geëis om elke teenwoordige se ID na te gaan. Nadat hy die polisiebeamptes gevra het hoekom hulle almal se identifikasie in 'n privaatwoning moes sien, het hy die nasionale veiligheidskantoor gekontak toe polisie voortgaan om die Christene te intimideer. "Ek het gesê dat al ons byeenkomste oop is vir die publiek en dat die lidmate gereelde mense is," het Xu Yonghai gesê. "Selfs die polisie is redelik vertrouwd met ons. Ek het gesê dat aangesien ons net 'n paar mense gehad het, daar geen rede was waarom ons dokumente nagegaan moes word nie. Dit was onnodig om moeilikheid veroorsaak."

Op 27 Augustus 2018 het die pastor 'n ope brief geskryf wat lees: "Ek het 'n 'sensitiewe' persoon geword omdat ek 'n Christen is, omdat ek die Evangelie verkondig en omdat ek Christene se godsdienstvryheid beskerm. Ek word altyd onder huisarres geplaas en word nie toegelaat om op elke sensitiewe datum uit my plek uit te gaan nie. Polisie volg my selfs wanneer ek uitgaan om kos te koop."

Tydens die Olimpiese Spele in 2021 in Beijing het die polisie Xu Yonghai en ander lidmate van sy kerk na 'n hotel geneem waar hulle aangehou is totdat die Olimpiese Spele geëindig het. ●



Ekstremiste het haar dorp aan die brand gestee en haar familie vermoor.

Maar hulle kon nie haar geloof doodmaak nie.



Kyk na die nuwe kortfilm wat geskep is vir die Internasionale Dag van Gebed, Rebecca: Nigeria, op PERSECUTIONSA.ORG/IDOP

Gebedsdagboek

Oktober/November 2022

OKTOBER

- S 16 COMORE** **Bid vir die bemoediging van Christenwerkers.**
- M 17 KOEWEIT Bid dat baie jongmense wat na God soek, Jesus Christus sal vind.
- D 18 KAZAKSTAN Bid vir die groei van huiskerke in kleiner stede en dorpe.
- W 19 JEMEN Bid vir Sarah wat onlangs uit die tronk vrygelaat is.
- D 20 JORDANIË Bid dat God Jordaniëse kerke sal toerus namate hulle voortdurend na Moslemvlugteling uitreik.
- V 21 CHINA Bid vir Christengevangenes, soos Wang Yi, Zhang Shaojie, Alimujiang Yimiti en John Cao.
- S 22 BANGLADESJ** **Bid vir die bemoediging van Christene wat dikwels die enigste Gelowiges in hulle dorp is.**
- S 23 MALEDIVE** **Bid vir 'n toename in gewilligheid onder Christene om in die land te werk.**
- M 24 EGIPTIE Bid vir Kadisha wie se familie haar weens haar geloof gemartel het. Sy het ontsnap en elders skuiling gevind.
- D 25 IRAN Bid vir die beskerming van mense wat gedrukte en digitale Bybels na Gelowiges smokkel.
- W 26 NOORD-KOREA Bid vir 'n pastor wat aan Noord-Koreaanse slagoffers van sekshandel in noordoostelike China, bedien.
- D 27 LIBANON Bid vir moeilike gebiede buite Beiroet waar daar min Christelike getuies is (Tirus, Sidon, Tripoli en nog meer).
- V 28 TADJIKISTAN Bid vir diegene wat gevange geneem kan word indien hulle Bybelverhale vir kinders leer.
- S 29 LAOS** **Bid vir jong Christenleiers wat studeer om in kerke te bedien.**
- S 30 AFGANISTAN** **Bid vir groter toegang tot God se Woord in elke taal en vir elke stamgroep.**
- M 31 OESBEKISTAN Bid vir Oesbeekse vroue wat wreed deur hulle familieledede geslaan word wanneer hulle tot Christus bekeer.

NOVEMBER

- D 1 LAOS Bid vir Khmu-Christene wat uitreike na die Hmong-, Mien, Bru- en Prai-mensegroepe, bestuur.
- W 2 TADJIKISTAN Bid vir uitreikpogings na onbereikte mense in die Pamir-berge.
- D 3 MALEISIË Bid vir kerkleiers wat strategieë vorm om onbereikte mense te betrek.
- V 4 CHINA Bid dat Chinese kerke sal verenig en 'n briljante Evangeliese getuie sal wees.
- S 5 KENIA** **Bid vir Pastor Galgalo en bid dat God meer voltydse bedieningswerkers sal opwek.**
- S 6 IDOP*** **Help jou familie, groep, klas of kerk om 'n by 'n wêreldwye gebedsbeweging vir ons vervolgte broers en susters, aan te sluit. vom.org/IDOP**
- M 7 SIRIË Bid vir eenheid onder kerke en Christene.
- D 8 LIBIË Bid dat afgesonderde Gelowiges gemeenskap met die Here en met ander Christene sal geniet.
- W 9 FILIPPYNE Bid dat 'n nuwe Gelowige in staat sal wees om haar familie van haar nuwe geloof in Christus te vertel.
- D 10 IRAN Bid vir Christengevangenes wat ontmoedig voel emosionele ondersteuning benodig.
- V 11 OESBEKISTAN Bid dat jong Oesbeekse leiers bemoedig en toegerus sal word om nuwe kerke te lei.
- S 12 KUBA** **Bid vir kerkleiers, pastors en Christene wat deur die regering geteister word.**

*INTERNATIONAL DAY OF PRAYER/INTERNASIONALE DAG VAN GEBED VIR VERVOLGDE CHRISTENE

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

www.persecutionsa.org/donate